**LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM**

Posbus 245 **e-pos:** lbaai.ibf@gmail.com
Lambertsbaai **webwerf:**
www.lambertsbaai.yolasite.com
8130

# NOTULE VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE LIBF GEHOU OP DONDERDAG 10 MEI 2012 OM 19:00 IN DIE LAMBERTSBAAI ONTSPANNINGSAAL

## 1. Opening en verwelkoming

Die voorsitter Mnr. J. Mellet heet almal welkom en vra Pastoor J. Titus om die vergadering te open met skriflesing en gebed. Hy lees uit Ps. 122 en bid vir vrede en oplossings vir die dorp se probleme.

## 2. Teenwoordigheid

Die gaste by die vergadering was:

Mnr. Bokkie Geyer DA lid en verteenwoordiger in die Parlement van die Cederberg streek.
Mnr. Danville Smith Munisipale raadslid vir Lambertsbaai

Presensielyste word versprei en die name word hierby aangeheg.

## 3. Vrae sessie

Die voorsitter reël dat die vergadering vrae aan Mnre. Geyer en Smith kan stel. Hy stel dit duidelik dat geen politieke of beledigende vrae geduld sal word nie.

Die volgende onderwerpe is deur die vrae gedek:

3.1 Halfvoltooide geboue en oop persele in die dorp wat onooglik lyk. Mnr. H. Thiart

**Antwoord:**

Mnr. Smith - Die eiendom behoort aan privaat instansies en persone waaroor die munisipaliteit nie beheer het nie en gebrek aan fondse verhinder ontwikkeling

Mnr. Geyer:- Gebrek aan water verhoed ook ontwikkeling

3.2 Die twintigrand heffings op die munisipale rekeninge. Word die gelde so ge-in verreken sodat gekontroleer kan word of die gelde vir die doel aangewend word waarvoor dit ge-in word? Menere. K. Bassio, H. Enderstein, N. Mostert, F. Stolper, Me. L Posthumus

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Hy is nie ten gunste van die heffings nie nie en meld dat die heffings in die DA bewind ingestel is. Hy weet nie hoe die geld aangewend en verreken word nie maar sal antwoorde kry.

3.3 Eiendomsbelasting waardasieprosedure, formules en tariewe. I. Marais, Me. L. Posthumus

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Die proses is vertraag deur die afsterwe van een van die lede van die appèlhof. Meer as sewehonderd appèlle is ingedien wat verwerk moet word.

3.4 Woonhuise en woonstelle op dieselfde perseel moet aparte waterrekeninge kry. Mnr. A. Schnetler

**Antwoord:**

Mnr. Geyer:- Word nêrens gedoen nie en te veel administratiewe probleme. Persone is welkom om vertoë tot die munisipaliteit te rig.

3.5 Of elke dorp sy eie munisipalebestuurder gaan hê. Me. M Breytenbach.

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Die model is nie bekostigbaar nie.

3.6 Ontsoutingsaanleg. Mnre. B. Farmer, C. Nieuwoudt,

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Hulle het die projek ge-erf en weet nie presies hoe sake verloop het nie. Hy is nie ten gunste van die projek nie maar kan op hierdie stadium niks daaraan doen nie. Hy beloof egter om die verloop daarvan te ondersoek en die verslag bekend te maak. Hy reken dat die projek teen die einde van 2012 vars water kan lewer.

3.7 Vuil erwe. Mnre. D. Niewoudt, Mev. Van der Westhuizen,

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Hy neem kennis daarvan en sal onmiddellik daarvan werk maak. Die probleem gevalle moet net by sy kantoor aangemeld word en as hy nie daar is nie by Mnr. Vivien Blankenberg

3.8 Aanwending van fondse. Mnr. E. Du Plessis

**Antwoord:**

Mnr. Smith:- Hy sal alles in sy vermoë doen om geld so doeltreffend moontlik aan te wend.

3.9 Sport begroting en toedeling vanaf Provinsie aan Cederberg Munisipaliteit. Mnr. B. Farmer

**Antwoord:**

Mnr. Geyer:- Hy meen self dat die toekenning te min is en belowe om meer geld te verkry.

Mnr. Smith belowe dat die vrae waaroor daar onduidelikheid bestaan beantwoord sal word tydens 'n vergadering tussen Mnr Mellet en die munisipale bestuurder op 30 Mei 2012.

Nadat die voorsitter die twee here bedank het vir hul besoek en insette het hulle die vergadering verlaat.

**4. Algemeen**

Die voorsitter meld dat hy aanvanklik baie optimisties was maar nou voel dit of hy nog niks vermag het nie aangesien daar nog so baie onafgehandelde sake is. Hy het egter baie wyser geword en kon daarin slaag om die twee here vanaand hier by die vergadering te kry.

Hy versoek die aanwesiges om aan te sluit by die LIBF en kan enigiets van R15 tot R50 as ledegeld betaal.

Die vergadering besluit dat die beste manier van kommunikasie deur kwartaallikse inligtingsvergadering sal wees. Kennisgewing van die vergaderings sal deur middel van plakkate, radio en streekskoerante geskied.

Lidmaatskap aansoekvorms vir AfriForum is beskikbaar en hy moedig almal aan om lid te word. AfriForum is die laaste uitweg om ons te help om die bestuur van Cederberg Munisipale streek weer op koers te kry. Daar moet twintig lede aansluit om ʼn tak vir Cederberg te stig. Alleen hulle het die vermoë, fondse en regskundigheid om op regsgronde teen Munisipaliteite op te tree.

**5. Olifants/Doorn Klassifikasie – en Geïntegreerde Kusbestuurprojek**

Mnr. D. Boonzaaier gee ʼn kort oorsig oor die projekte en word ook as spesialis vir hierdie portefeulje gekoöpteer.

**6. Verkiesing van nuwe bestuur**

Die volgende persone word verkies: Mnre. J. Mellet (Voorsitter)
T. Kitching
H. Enderstein
A. J. F de Waal
Mev. M. Conradie (Sekretaresse)

**7. Bedanking**

Nadat Mnr. I. Marais die voorsitter bedank het vir sy onbaatsugtige diens het die vergadering verdaag.

________________________ ________________________

J. Mellet (Voorsitter Datum